**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***'N MOEDER SE INVLOED OP VOLGENDE GENERASIES – PASTORALE PERSPEKTIEWE***

**10 FEBRUARIE 2026 – ZOOM AANBIEDING**

**Prof Wentzel Coetzer**

ʼn Moeder het ʼn deurslaggewende impak op haar kinders asook latere generasies en wanneer sy versorgend en liefdevol is dan lê sy ʼn basis in hul lewens wat deurslag-gewend is vir die toekoms. Sou sy egter emosioneel verwond en selfs afwesig gewees het, dan impliseer dit skade en verwonding wat haar kinders saam met hulle die toekoms inneem – dit het uiteindelik ʼn negatiewe impak op al hul verhoudinge en selfs ook hul huwelike. Vir diegene wat daardeur geraak is, is dit egter nooit te laat nie. Volgens Henry Cloud en John Townsend in hul boek, *Our mothers, ourselves*, het ons almal behoefte aan '*mothering*'. Dit gaan hier om ʼn versorgende, koesterende en beskermende aksie vanaf ʼn volwasse persoon teenoor ʼn kind. God het beskik dat die kerk asook verskillende ander persone wat Hy oor ons pad stuur, hierdie rol kan vervul en sodoende kan kompenseer vir dit wat ons moontlik nie vanaf ons moeder ontvang het nie.

In hierdie kursus gaan ons veral fokus op die inhoud van hierdie boek van Cloud en Townsend, tesame met gegewens ook vanuit enkele ander bronne. Die inhoud van hierdie kursus kan jou help om sekere areas in jou lewe te identifiseer waar die moederlike versorging wat jy ontvang het moontlik gebreke gehad het en waar korreksie en heling nodig is ten einde jou lewe voluit te kan leef tot eer van God.

**Kursus oop vir almal**

**Datum:** Dinsdag 10 Februarie 2026.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO punte – 4x CPSC punte – 5x AFM PCD punte

**Koste:** R300 pp (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bank heffings)

**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)

**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op ŉ later datum:**

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ŉ skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:

https://forms.gle/LYyn96BSXtVrEwEVA